Skriflesing: Johannes 8:1-11
Teks: **Johannes 8:6-9**
Sing- Ps. 48:4,5; Ps. 51:1; Ps. 61:1,4; Ps. 51:3,5

Joh 8:1 Maar Jesus het na die Olyfberg gegaan.
Joh 8:2 En vroeg in die môre het Hy weer in die tempel gegaan, en al die mense het na Hom gekom, en Hy het gaan sit en hulle geleer.
Joh 8:3 En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het 'n vrou wat in egbreuk betrap was, na Hom gebring.
Joh 8:4 En toe hulle haar tussen hulle in laat staan het, sê hulle vir Hom: Meester, hierdie vrou is op 'n daad van egbreuk betrap;
Joh 8:5 en Moses het ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig; maar U, wat sê U?
Joh 8:6 En dit het hulle gesê om Hom te versoek, sodat hulle iets kon hê om Hom te beskuldig; maar Jesus het neergebuk en met die vinger op die grond geskrywe.
Joh 8:7 Maar toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy Hom opgerig en vir hulle gesê: Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi.
Joh 8:8 En weer het Hy neergebuk en op die grond geskrywe.
Joh 8:9 En toe hulle dit hoor, het hulle, deur hul gewete bestraf, een vir een weggegaan, van die oudste af tot die laaste toe; en Jesus het alleen agtergebly, en die vrou wat daar tussen hulle in gestaan het.
Joh 8:10 En toe Jesus Hom oprig en niemand sien behalwe die vrou nie, sê Hy vir haar: Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie?
Joh 8:11 En sy antwoord: Niemand nie, Here. En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie.

Skriflesing: Johannes 8:1-11
Teks: **Johannes 8:6-9**
Sing- Ps. 48:4,5; Ps. 51:1; Ps. 61:1,4; Ps. 51:3,5

Broeder en suster, die vrou van Johannes 8 staan nie alleen nie. Wanneer ons onsself by haar sien staan, dan maak ons dieselfde fout. Sy het gedink dit wat sy doen, is geheim. Niemand weet daarvan nie, niemand sal haar uitvang nie. Die werke van die duisternis sal nie aan die lig kom nie. Dit het sy ook gedink. Wie dink om aanhoudend daarmee weg te kom, sal verslae en ontnugter die waarheid ontdek. Die waarheid kom altyd aan die lig. Nou of later kom 'n tweede persoon of 'n derde persoon agter wat aan die gang is, kort voor lank word die hele sak patats oopgeskeur. Die skakel van verborge sondes sal iewers breek. Maak nie saak watter sonde ons van praat nie, dit wat ons dink binne is, kom wel na buite. Dan slaan dit baie keer soos masels uit. 'n Oog openbaar begeertes. Innerlik hoogmoed peul wel uit na uiterlike hoogmoed. Verwaandheid kan afgelees word, ondanks nederig geboë skouers.

Ander mense sal gou agterkom as ek hulle 'n rat voor die oë wil draai. Op die einde sal die grootste geheime openbaar word. In 'n sitkamer gesprek, vier ore, twee monde later en jy kan maar weet sulke verhale gaan op die einde selfs erger klink as die oorspronklike. Die vrou in Johannes 8 se owerspel het aan die lig gekom. Dit alles teen die agtergrond van een van die

groot Joodse feeste. Hier in middel-Oktober dan is dit die Loofhuttefees. Ja, die oesfees val saam waar die Israeliete met boomtakke vir hulle tydelike skuilings oprig om dan te herdenk hoe God hulle deur die woestyn en in die tyd van die insameling van hulle oeste beskerm en versorg het. Tydens hierdie fees is hierdie vrou in haar sonde uitgevang.

***

Die Skrifgeleerdes en die Fariseërs is die manne wat glo nou sal hulle 'n dubbele slag slaan. Een kant is hulle lankal daarop uit om Jesus te wil vang en dood te maak. Joh. 7:1 sê dan ook dat Jesus wou nie in Judea rondgaan nie, *omdat die Jode probeer het om Hom dood te maak.* Joh. 7:32 wys dat die Fariseërs en die owerpriesters *het dienaars gestuur om Jesus gevange te neem.* Hierdie dienaars het sonder hom teruggekom, hulle kon Jesus nie vang nie. Hulle rede staan in v.46- *Nooit het 'n mens so gespreek soos hierdie mens nie.* Aan die einde van hfst. 7 dan gaan almal maar huis-toe. Daar was nie die kans om Jesus daardie dag gevange te neem nie.

***

Die duiwel rus nie. Die volgende oggend het skaars begin waar Jesus die vorige aand nog laat by die Olyfberg was, (ons kan aanvaar om daar te gaan bid), daarna het Hy daardie nag weer by hulle oornag waar Hy dit so dikwels gedoen het, in Betanië digby Jerusalem. Daardie broer en sy twee susters, Lasarus, Martha, Maria het baie keer vir Jesus 'n slaapplek reg gehad. Jesus is egter vroeg die oggend weer by die tempel. Dit was steeds die fees, Jesus het baie mense na Hom sien kom, wie Hy dan ook geleer het.

Joh. 7:14 wys hoe dit tydens die fees gegaan het- *En toe dit al in die middel van die fees was, het Jesus opgegaan na die tempel <u>om te leer.</u>* Daar is die menigtes wat Jesus aanhang, hulle kan nie ophou om na Hom te luister nie, dan is daar dié wat daarop uit is om Hom van die toneel die verwyder. Hy moet weg, Hy moet dood, Hy is vir hulle net 'n bedreiging. Hy wat hulle tradisies, hulle wette, ja wat hulle aansien bedreig. Die Joodse leiers, voormanne wat Jesus met alle geweld stil wil maak. Enige geleentheid om Jesus bloot te stel dat die volk moet besef watter groot gevaar en misleier Hy is, dit was die skrifgeleerdes en Fariseërs se eintlike plan met hierdie vrou.

Hulle het vir haar in haar sonde eintlik niks omgegee nie. Sy is maar 'n middel tot 'n doel. Hulle eintlike doel is om aan die volk te bewys Jesus is 'n Moses- en wet veragter. Moses ons man, *hy het in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig, maar U, wat sê U?* Dit is 'n toetsvraag, die vraag wat die mens Jesus mee wil uitvang. Hierdie geleerdes en Fariseërs wil

dit duidelik maak ons weet wat Moses sê, hulle uitgangspunt is ons het geen twyfel in wat ons sê nie, ons wil maar net hoor wat u sê. Ons het reeds 'n antwoord, wat is jou antwoord?!

***

Geliefdes, wanneer iemand so met jou werk, wanneer dit gaan om ek wil jou uitvang, die mens wat hom verbeel dat hy/sy is altyd op die regte pad, wees vir so 'n mens baie versigtig. Al staan die wette in Levitikus en Deuteronomium in klousules en duidelike reëls vasgevang waar elke deel van die Wet rondom egbreuk, hoerery wel duidelik maak, hier moet betaal word, ja vir so 'n man of vir so 'n vrou mag daar nie genade wees nie. Stenig hom, stenig haar! In die woorde wat die Grieks hier gebruik vir die vrou se owerspel wil dit lyk sy is 'n getroude vrou, sy het haar man verneuk, sy is by die ander man op heter daad betrap. Deut. 22:23-24 *23 As 'n dogter, 'n jongmeisie, aan 'n man verloof is, en iemand kry haar in die stad en hou met haar gemeenskap, 24 dan moet julle hulle twee na die poort van dié stad uitbring en hulle stenig, dat hulle sterwe; die dogter, omdat sy in die stad nie geskreeu het nie, en die man, omdat hy die vrou van sy naaste onteer het. So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei.* Dit staan tog geskrywe, dit sou elke Skrifgeleerde en Fariseër onder Jesus se neus wou indruk.

Die vrou soos sy daar staan het geen verweer nie. Alles kom aan die lig, dit word openbaar gemaak, dit sou wees asof niks en niemand haar kan beskerm nie. Onthou wat daar gesê word, dit wat die skrifgeleerdes en Fariseërs daar voorgee om te wees en dit wat hulle werklik in hulle harte was, daar kom die verskil.

***

'n Geweldige verskil wat in alle opsigte altyd na gekyk moet word. Ook wanneer ons voorberei vir die Nagmaal. Praat ons harte en ons monde dieselfde taal. In hulle harte is daardie Skrifgeleerdes en Fariseërs méér oor Jesus as oor die vrou ontsteld. Al kon hulle dit nie wys nie, is dit wat hulle eintlik aan die massas wil wys, Jesus gee eintlik nie 'n flenter om vir wie ons is en ons sedes, ons tradisies, ons gebruike is nie.

Ons idee van Wie Jesus is, moet nou net bewys word. Hy is 'n misleier, 'n volks verraaier! Hulle haat Jesus in werklikheid baie méér as wat hulle ooit oor die vrou in haar sonde begaan is. Hulle sou baie graag meer klippe op Jesus wou gooi as wat hulle werklik die vrou met klippe doodgooi. Ons het haar klaar gevang, kan ons nou maar net Jesus ook uitvang. Dit is hulle aanslag, hulle dubbele plan, die aas aan die hoek kom via die vrou, as Jesus ons

hoek vasbyt, dan het ons Hom in ons lis en planne gevang. Joh. 8:6 maak dit duidelik- *6 En dit het hulle gesê om Hom te versoek, sodat hulle iets kon hê om Hom te beskuldig; maar Jesus het neergebuk en met die vinger op die grond geskrywe.*

***

Geliefdes, wanneer ons Jesus dit sien doen. In die buk van God se Seun staan hier eintlik drie dinge. Hier gebeur drie dinge. Hy buk nie voor mense neer nie, maar Hy buk neer om ons drie dinge te laat raaksien. Die Woord, die swye, die gewete kom op die grond bymekaar, daar waar op die grond geskryf sal word. Met hierdie drie kan na álles gekyk, word, na die vrou, na die geleerdes daar, na die sg. kerkmense, ook na ons as Nagmaalgangers. Drie dinge, die Woord, die swye, die gewete is wat my by Nagmaal moet uitbring.

Die Woord wat Jesus daar eerste uitspreek- *Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi.* Dit wat soos 'n lem deur elkeen sou sny. Die Woord van God is skerp, is nie verniet tweesnydend skerp nie. Voor ek rondkyk laat ek inkyk. Laat ek na myself kyk. Ons sien hierdie vrou, sy is gevang, sy is blootgestel, sy is skuldig. Hier staan ek, ek wat na klippe soek, ek wat wil gooi, ek wat altyd oor ander baie begaan is, oor ander het ek so baie te sê, wat het ek vir myself te sê?!

Wat sê die Woord vir my, vir my, oor my en nie vir my, heeltyd oor ander nie. So maklik praat ons heeltyd oor die ander se verkeerd, maar wat van ek wat so verkeerd kan wees? Haar owerspel was duidelik, sy is uitgevang, maar jy met jou oë, jou hande, jou gebare, jou drome, jou gedagtes is dit sonder owerspel. Ek werk nie op die Sabbat in my tuin nie- maar werk jy wel met God en sy Gees op die dag. Ek vloek nie, maar loof ek God wel. Jou naaste doen wat God verbied, maar doen jy wat God gebied?

Dit wat Jesus se Woord is, omring deur dubbele swye moet ook en u my swye wees voor Nagmaal. Hy het neergebuk, geswyg, geskryf, toe opgestaan, gepraat, weer neergebuk, geskryf, geswyg. Voorbereiding moet ook maar wees sélf ontmaskering. Dit sal Christus deur sy Woord bring. Sélf-ontmaskering! Deur wat Hy skryf, deur wat Hy sê, alles God se Woord, dit bring self-ontmaskering!

***

Dit is belangrik dat ons Jesus in sy optrede reg verstaan. Dit gaan nie daaroor dat ons ons monde moet hou oor ander se sonde nie. Hoegenaamd nie! Mense sal wil kom en sê moet nie

oor ander so maklik oordeel nie. Jy is nie in die skoene van daardie vrou nie. Stel jou eers in haar posisie voor jy oordeel. Geliefdes, wie só met hierdie teks omgaan is presies op dieselfde verkeerde pad as die Skrifgeleerdes en Fariseërs.

Die teks is nie 'n wegkruipplek vir die sondaar wat dit nou maklik kan misbruik om hom te verlustig in die nederlaag van die sg. vrome mens nie. Dit gaan om self-ontmaskering wat ons voorbereiding vir Nagmaal ook moet wees. Niemand is uitgesluit nie. Niemand kan hom/haar verskoon nie. Die Wet is téén jou, maar ook téén my! Elkeen is skuldig, tot die dood toe skuldig. Elkeen verdien 'n klip, 'n klip om my te gooi.

Wie vóór God in Christus kom staan, daar waar hierdie hele oggend gestaan word, die vrou, die Fariseërs, die Skrifgeleerdes, niemand kan homself/haarself verskoon nie. Daar op daardie grond wat geskryf sou word, wát weet ons nie, maar op daardie grond staan ons. Daar word deurgedring tot ons diepste. Ons staan voor Hom, God in Jesus Christus. Dan mag ek jou oor jou sonde aanspreek, my broer, net soos jý my ook mag aanspreek. Christus gee my die reg en die roeping om jou te vermaan. Sondes moet aangewys word. Laat ons daaroor nie wonder nie. Ons moet mekaar kan waarsku, ja dit moet ons aan mekaar verkondig dat geen egbreker, hoereerders, leuenaar die koninkryk van God sal beërwe nie. In die opsig mag ek na jou gooi, my broer, maar onthou ons staan op gelyke voet, op dieselfde grond, daar waar God geskrywe het. Ek moet nie my Fariseër-houding vooropstel nie, ek moet met jou praat omdat ek jou lief hét, nie omdat ek jou haat nie. Ek moet nie in jou skuld, my onskuld soek nie. Iemand anders se sonde spreek my nie vry nie. Moet nie die aandag op ander wil sit om die aandag van my te wil aftrek nie.

***

Die Woord, die swye, die gewete. Al drie is aan die werk. Christus sien jou alles, maar Hy sien ook vir my. Ons self-ontmaskering kan net word 'n sélf aanklag. Die Woord sny, die swye is wanneer Jesus nie praat nie, maar waar Hy gebukkend skrywe. Wat het Hy werklik daar geskrywe. Was dit 'n kernwoord, was dit 'n wet gedeelte, was dit maar net 'n teken? Die bespiegelinge gaan nog wyer. Was dit die skrifgeleerdes en fariseërs se name met hulle sondes by name. Die feit is, ons weet nie, maar hier is dit waar Christus geswyg het. Sy Woord word gevolg deur sy swye. Daar is die tye wat God stil raak oor jou en my sondes. In Op.8 lees ons selfs van 'n stilte wat daar 'n keer in die hemel gekom het. Op 8:1- *1 En toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel omtrent 'n halfuur lank.*

Hierdie swye van Jesus waar Hy maar net weer buk en op die grond skrywe. Dit nadat die Woord gespreek het- *Laat die een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi...* Dan word dit stil. En wat dan? Selfs die harde Fariseërs, die verharde Skrifgeleerdes, hulle wat die Bybelse antwoorde uit die kop ken, maar nie uit die hart nie, ons lees *deur hulle gewete bestraf (het hulle) een vir een weggegaan, van die oudste af, tot die laaste; en Jesus het alleen agtergebly...*

***

Ja, die drie werk. Die Woord, die swye, die gewete. Die band tussen hulle is die Gees wat bind. Die Woord is aan die stilte gebind, maar die mens se gewete bind ook, daar waar die Gees bind, daar waar die Gees werk. Die swye is waar jy aan jou gewete uitgelewer word. Die self-ontmaskering wat dan word 'n self-aanklag. Oud en jonk kan die operasie nie vryspring nie. 'n Operasie voor nagmaal weer so nodig. Die vraag is hoe naby is jy aan jou verlossing?

***

By die Dordtse Leerreëls hfst. 5 par 1 en 2 sal ons in die tweede diens dit moet uitvind. Is ek werklik in Christus en Hy in my? Maar as die Wet my nie innerlik afbreek nie, as die Woord my sondebewussyn nie roer nie, as die stilte in Christus my nie afbreek nie, as die gewete traag en handig is om gou alles na die onderbewussyn te skuif, dan is ek baie vêr van die verlossing af. As ek meer sélf verskonend is in plaas van ek bereid is tot sélf aanklag, dan het die paadjie na Golgota nog nie tot jou deurgedring nie. Sélf aanklag is 'n merkteken van 'n ware gelowige.

***

Daar is twee kante, twéé manier hoe ons die einde kan sien van wat hier gebeur. Eenkant die aanklaers loop een-een weg, van oud na jonk, hulle wegloop is nie 'n goeie wegloop nie. Die droewige feit is hulle erken niks nie, hulle loop maar net weer van die waarheid af weg. Hulle wil die waarheid in sy volle betekenis nie erken nie. Hulle het sonde ontdek sonder om bedroef te wees. Hulle het gedink aan hulle goeie naam en nie aan hulle siel nie. So maak Adam van die begin af. Hy het weggegaan, weggekruip tussen die struikgewasse. Sondaars vlug in hulle self-aanklag weg, maar dan raak hulle al vêrder weg. Dan kom die tyd dat hulle nie meer kerk-toe kom nie, wat hulle nie meer bid nie, want hulle wil mos nie meer skynheilig wees nie. Hoe tragies so 'n weggaan! Sulke nagdissipels wat die nag in hulle al hoe donkerder kan maak dat hulle geen dissipels meer kan wees nie. Dan is dit net nag!

Die ander kant staan die vrou. Sy het die volle geleentheid gehad om ook stilletjies weg te sluip, maar sy het nie. Sy het net daar bly staan. Sy het gewag. Sy het agtergebly. Al sou Jesus nog stil wees, sy woord, sy swye het haar gewete nie laat vlug nie, maar laat wag. Is u die vlugtende of is u wagtend voor hierdie Nagmaal. Dit is alles op die tafel... Ook God se vryspraak vir die wagtende... *Het niemand jou veroordeel nie? 11 En sy antwoord: Niemand nie, Here. En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie.* Hoor u die vryspraak vir haar wat so skuldig was? Sy kom naby die verlossing want sy is by die Verlosser. Die vraag by ons voorbereiding bly staan- hoe vêr is u van die verlossing af?

Bly by die Verlosser, gebruik in Hom sy Nagmaal, sonder om langer nagdissipel te wees. Alleen by Hom, wanneer u by Hom bly, sal u erken, - *dis nie die sonde alleen wat roep om straf- //ek is in ongeregtigheid gebore, //ek lê voor U in doemskuld gans verlore- //Al van die uur van my ontvangenis af.* Watter wonder as ons by die nagmaal mag weet, waarlik die Woord, die swye, my gewete het bymekaargekom, dit bly by mekaar want ek bly in Hom. Hy wat alleen vir jou ook kan sê- *Gaan heen en sondig nie meer nie.* Dan vier ek Nagmaal met die wete- waarlik- ek weet- my sondes is vergewe.

AMEN